Verslagwaardig: Ja / Nee
Sirkuleer aan Regters: Ja / Nee

Sirkuleer aan Landdroste: Ja / Nee

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

*(Noord-Kaapse Afdeling)*

Saakno: CA & R 73/03

Datum Gelewer: 07/05/2004

<u>In die saak van</u>:

**ANDRIES LOTTERING APPELLANT**

*teen*

**DIE STAAT**
**RESPONDENT**

Coram: Kgomo RP et Goliath WnR

# Uitspraak op Appèl

## GOLIATH WnR:

1. Die Appellant is in die Streekhof, Prieska skuldig bevind op `n aanklag van moord. Die Appellant is na skuldigbevinding gevonnis tot 15 jaar direkte gevangenesstraf en Appellant kom nou in hoër beroep teen die skuldigbevinding en vonnis. Hy tree in persoon op.

AD MERIETE

2. Die Staat saak was hoofsaaklik gegrond op die getuienis van:

(a) Mr Klaas Nelson.
(b) Menere Pieter van der Westhuizen en Booi Titus, sogenaamde artikel 204 getuies.
(c) Mej Catharina Lottering.

21 Mr Klaas Nelson getuig dat hy ongeveer 9 uur die oggend van 1 Augustus 1989 in sy agterplaas was toe hy die oorledene gewaar in die pad afkom. Die Appellant het van voor af na die oorledene gegaan. Hy sien toe die Appellant haal `n skêr uit en steek die oorledene een maal voor op die bors. Nadat die Appellant die oorledene gesteek het, het hy sy twee vriende instruksies gegee on die oorledene te skop. Die Appellant se suster het op die toneel opgedaag en het gekeer dat hy in `n sekere erf binnegaan. Toe die Appellant hom(Mnr Nelson) sien, toe steek hy die skêrweg onder sy baadjie.

Daar was geen gesprek tussen die oorledene en die Appellant voor die steekvoorval nie hy ken Appellant al lank. Appellant het voor hom grootgeword.

2.2 Pieter van der Westhuizen getuig dat hy, die Appellant, Booi Titus en Mannetjie van der Westhuizen die betrokke oggend saam geloop het in Sestiende Laan. Toe hulle by Sestiende Laan se hoek kom, sien hy die oorledene aankom. Dit is toe dat die Appellant die oorledene een maal met `n skaapskêr steek.

Appellant het aan hom vroeër die oggend genoem dat die oorledene by sy woning met `n byl opgedaag het en hom wil vermoor. Die Appellant het gesê hulle moet die oorledene skop en hy self het toe voortgegaan en die oorledene voor die bors geskop. Die Appellant het die skêr onder sy baadjie gedruk en geloop na sy suster. Hulle het toe almal saam gestap en Appellant het aan hom gesê hy moet verantwoordelikheid vir die saak neem. Hy het toe so gedoen en aan sy moeder en die polisie vertel dat hy die oorledene gesteek het . Hy het egter kop uitgetrek toe hy die erns van die saak besef. Hy was onder die indruk hy sou lyfstraf kry maar toe ondek hy dit sal nie so gebeur nie.

2.3 Booi Titus getuig dat hy die Appellant ken vir ongeveer 6 maande voor die voorval. Hy was deel van `n groep bestaande uit Pieter vander

Westhuizen, Appellant en Mannetjie van der Westhuizen wie in die rigting van Sestiende Laan geloop het die betrokke oggend. Die oorledene het van agter af in hulle rigting gehardloop. Die Appellant het omgedraai en het die oorledene een hou voor die bors gesteek met `n mes of skaapskêr. Die Appellant het onmiddelik die wapen teruggebêre onder sy baaidjie. Die Appellant het gesê hulle moet die oorledene skop. Hy het een maal op die oorledene getrap en Pieter het twee maal geskop. Die Appellant se suster het op die toneel opgedaag en kom keer. Hulle het toe die toneel verlaat. Hy het by Pieter van der Westhuizen gehoor dat die oorledene wil hê Pieter moet die saak op hom neem omdat hy dalk slegs lyfstraf sal kry of na `n verbeteringsskool gestuur sal word. Hulle is na `n drinkplek waar Appellant weer genoem het dat Pieter lig gestraf sal word as hy die saak vat. Die Suid-Afrikaanse polisie het hom op `n stadium ingeroep. Hy het aanvanklik gesê dit is Pieter, soos ooreengekom, maar het later die waarheid vertel, naamlik dat dit nie Pieter van der Westerhuizen is wie die oorledene gesteek het nie, maar wel die Appellant. Hy was aanvanklik bang om die waarheid te praat.

2.4 Catherina Lottering, getuig dat sy die suster van die Appellant is. Sy het nie die steekvoorval gesien nie en het agterna op die toneel gekom. Toe sy op die toneel kom sien sy dat Pieter van der Westhuizen was besig om die oorledene te skop en trap. Sy het vir Pieter weg van die oorledene gevat. Pieter het by die ander aangesluit en hulle het in die rigting van veertiende straat geloop.

Die oggend vroeg voor die steekvoorval was die oorledene by hul woning. Hy het `n byl by hom gehad en was opsoek na die Appellant. Haar moeder het die oorledene egter uit die huis uitgesit en oorledene is daar weg. Die oorledene het gelyk asof hy kwaad was vir die Appellant.

3. Na sluiting van die Staatsaak het die Appellant in sy eie verdediging getuig. Hy getuig dat hy en `n vriend die oggend in `n stryery betrokke was. Hy het wel die oorledene sien staan met `n handbyltjie, maar hy het nie met die oorledene gestry nie. Hy het besluit om liewer die toneel te verlaat en het in agtiende Laan aangesluit by Pieter van der Westhuizen. Hulle het besluit hulle gaan drink en Booi Titus en Mannetjie van der Westhuizen het ook by hulle aangesluit. Op die hoek van 16de Laan het hulle gesels en die oorledene het op `n stadium om die hoek gekom. Hy getuig dat hy gesien het Pieter swaai na die oorledene toe met sy arm. Hy het opgemerk die oorledene lê skuins in `n sittende posisie en hou sy maag vas. Mannetjie van der Westhuizen het gesê hy moet die mes neem by Pieter van der Westhuizen. Hy het die mes geneem en versteek dit onder sy baadjie. Nadat hy die mes geneem het, skop beide Booi Titus en Pieter van der Westhuizen die oorledene. Hy het tussenbeide getree en gesê hulle moet nie nog die man skop nie. Hulle stap almal na veertiende straat en sy suster vra toe aan hom wat gaan aan. Hulle almal het verder gestap en by die hoek van agtiende straat het hy die mes vir Pieter van

der Westhuizen gegee. Hy ontken dat hy die misdryf gepleeg het. Hy getuig dat hy op `n stadium deur die polisie ingeroep was en Pieter van der Westhuizen het in sy teenwoordigheid erken dat hy die oorledene gesteek het. Hy is toe nie gearresteer op daardie stadium nie. Hy is egter later deur die polisie gearresteer.

4. Die Appellant se gronde van Appèl is die volgende:

4.1 Dat die landdros gefouteer het om die getuienis van Mr. Klaas Nelson te aanvaar.

4.2 Dat die Landdros gefouteer het om die getuienis van Pieter van der Westhuizen en Booi Titus te aanvaar en nie met genoegsame versigtigheid beoordeel het nie.

4.3 Dat die landdros gefouteer het deur die Appellant se weergawe te verwerp.

5. Die volgende aspekte is nie in geskil nie:

5.1 Dat die Appellant, Pieter van der Westhuizen, Booi Titus en Mannetjie van der Westhuizen was op die toneel tydens die voorval.

5.2 Die oorledene was gesteek met `n mes of skaapskêr.

5.3 Appellant het die moordwapen in sy besit geneem en onder sy baadjie versteek.

5.4 Pieter van der Westhuizen en Booi Titus het die oorledene geskop.

5.5 Die Appellant en sy vriende het die toneel verlaat na die voorval.

6. Die hoof geskilpunt is rondom die vraag of die Appellant inderdaad die persoon is wie die oorledene sou gesteek het.

7. Mnr Klaas Nelson is `n onafhanklike oogetuie wat die gebeure vanaf `n afstand dopgehou het. Sy weergawe stem presies ooreen net die van die Appellant en die artikel 204 getuies spesifiek oor die aspekte wat nie in geskil is nie. Verder het die verhoorlanddros na my mening korrek bevind dat die weergawes van Pieter van der Westhuizen en Booi Titus in breë trekke die van Mnr Nelson staaf, veral wat die steekvoorval betref.

8. Die Appellant se suster, wie ook redelik neutraal was, het die nodige bevestiging gebied dat daar wel probleme tussen die Appellant en die oorledene was.

9. Dit is korrek dat daar etlike verskille is tussen die weergawes van die Staatsgetuies, maar hierdie verskille was na my mening nie wesenlik nie. Die hof verwag nie dat twee of meer getuies presies dieselfde getuienis moet aflê oor dieselfde gebeurtenis nie. Hierdie voorval het betreklik vinnig afgespeel en geringe verskille in getuienis is

aanvaarbaar. Sien ***S v Bruiners*** 1998 (2) SASV 432 (SOKPA).

10. Die Appellant self was nie `n geloofwaardige getuie nie. Hy het homself telkemale weerspreek en het voortdurend afgewyk van sy getuienis tydens kruisondervraging. Ek is gevolglik tevrede dat die Landdros heeltemal tereg die weergawe van die Appellant verwerp het as nie redelik moontlik waar nie.

11. Daar moet in gedagte gehou word dat Pieter van der Westhuizen tydens die voorval maar nog `n hoogs beinvloedbare 17 jarige seun was. Soos dit later sal blyk het die Appellant `n geweldadige geaardheid en strook dit met die waarskynlikhede dat hy die skuld op die kind sal pak en aandadigheid ontken. Mnr Nelson het nie net gesien dat die Appellant die oorledene met die moordwapen gesteek het nie, maar hy het ook gesien toe die Appellant die voorwerp versteek. Appellant erken self dat hy in besit van die wapen was pas na die noodlotige steekhou toegedien is. Daar kan dus geen redelike twyfel bestaan dat Appellant die moordenaar is nie.

12. Na my mening het die verhoorhof korrek bevind dat die totaliteit van die getuienis oorweldigend dui op die skuld van die Appellant. Ek is dus van mening dat daar geen meriete is in die appèl teen skuldigbevinding nie.

AD VONNIS

13. Dit is gemenesaak dat die misdaad waaraan die Appellant skuldig bevind was onderhewig is aan die bepalings van die bepalings van die *Artikel* 51(2)(a)(1) van die ***Strafregwysigingswet 105 van 1997*** wat `n minimum vonnis van 15 jaar voorskryf vir `n eerste oortreder. Indien die verhoorhof bevind dat daar wesenlike en dwingende omstandighede is wat `n vonnis ligter as die voorgeskrewe minimum vonnis regverdig, mag die hof so `n mindere vonnis oplê.

14. Die korrekte benadering om die diskresie uit te oefen in terme van Artikel 51(3) van die Wet is as volg uiteengesit in ***S v Homareda*** 1999(2) SASV 319 (W) op 325h – 326a

g *1) The starting-point is that the prescribed minimum sentence must be imposed.*

*2) It is only if a court is satisfied that substantial and compelling circumstances exist which justify the imposition of a lesser sentence, that it may do so.*

*3) In deciding whether substantial and compelling circumstances exist, each case must be decided on its own facts. The Court is required to look at all factors - mitigating and aggravating - and*

*consider them cumulatively.*

4) *If the Court concludes in a particular case that the minimum prescribed sentence is so disproportionate to the sentence which would have been appropriate - bearing in mind that the Legislature perceives the necessity for sentences emphasising the deterrent component, but equally bearing in mind that this does not necessarily lead to an automatic increase of sentences previously imposed - it is entitled to impose a lesser sentence."*

15. In ***S v Malgas*** 2001 (1) SASV 469 (A) het die hof duidelike riglyne neergelê oor die aspekte wat oorweeg moet word by die bepaling van die vraag of daar wesenlike en dwingende omstandighede bestaan. Op 123B van die beslising som die Appêlhof dit as volg op:

"g If the sentencing court on consideration of the circumstances of the particular case is satisfied that they render the prescribed sentence unjust in that it would be disproportionate to the crime, the criminal and the needs of society, so that an injustice would be done by imposing that sentence, it is entitled to impose a lesser sentence."

16. Indien die hof dus bevind dat `n onreg sal geskied indien die minimum vonnis opgelê sou word, is die hof geregtig om in te meng en `n ligter vonnis op te lê. Vonnis bly in die diskresie van die verhoorhof en daar

word nie ligtelike met die vonnis ingemeng nie. Sien: ***S v Pillay*** 1977(4) SA 531 (A) op 535E-F en ***S v M*** 1982(1) SA 589 (AD) op 592.

17. Die blatante wyse waarop die oorledene, wie onbewapen was, deur die Appellant om die lewe gebring is, is inderdaad verswarend. Die appellant het geen berou getoon vir sy daad nie en het sy aandadigheid by die misdaad probeer verberg deur `n jonger, beinvloedbare 17 jarige te probeer oorreed om die skuld op hom te neem. Verder is dit duidelik volgens die Appellant se rekord hy `n neiging tot geweldsmisdrywe openbaar. Sy vorige veroordelings sien soos volg daartoe uit:

17.1 Besit van vuurwapen sonder lisensie waar Appellant tot lyfstraf gevonnis is.

17.2 Twee veroordelings vir aanranding gewoon waar lyfstraf en `n boetevonnis opgelê is.

17.3 Een veroordeling vir strafbare manslag waar direkte gevangenesstraf van 4 jaar opgelê is waarvan die helfte opgeskort was vir `n periode van 5 jaar. Die opgeskorte vonnis is later wel in werking gestel.

17.4 Drie veroordelings vir aanranding met die opset om ernstig te beseer waar onderskeidelik direkte gevangenesstraf van 6 maande op en geleentheid en 3 jaar op twee geleenthede opgelê is.

18. Ek is van mening dat onder die omstandighede die verhoorhof korrek bevind het dat daar geen wesenlike en dwingende omstandighede teenwoordig was nie. Ek vind die toepaslike voorgeskrewe minimum vonnis soos opgelê geensins skokkend onvanpas nie.

**By gevolg word die volgende bevel gemaak:**

1. **Die Appèl word van die hand gewys.**
2. **Die skuldigbevinding en vonnis word bekragtig.**
3. **Aangesien die Appellant in persoon verskyn word die Griffier versoek om `n afskrif van hierdie uitspraak aan hom te versend.**

________________

**P L GOLIATH**

**WAARNEMENDE REGTER**

**Ek stem saam**

______________________

**F D KGOMO**

**REGTER PRESIDENT**

| | |
|---|---|
| ADVOKAAT NAMENS APPELLANT: | IN PERSOON |
| ADVOKAAT NAMENS VERDEDEGING: | Adv E. KAMMIES |